GRAAD 10 – MORFOLOGIE

OPDRAG: Bestudeer die feite-blad hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:

Bron: *National Geographic Kids,* Maart 2015

1. Skryf die voegsels neer wat in die volgende woorde voorkom en sê ook wat elke voegsel se funksie is:

1.1 radioseine (1)
1.2 Langste (1)
1.3 Koue (1)

2. Stel vas in watter gevalle die ge- in die woorde **geluid, geduur** en **gemeet** 'n voorvoegsel of deel van die stam van die woord is. (2)

3. Skryf die korrekte vorm van die woorde tussen hakies by blok 1 en blok 6 neer. (2)

4. Maak gebruik van jou kennis van metamorfeme om die volgende opdragte uit te voer:

4.1 Maak 'n sin waarin jy die werkwoord **spring** as 'n s.nw. gebruik. (1)
4.2 Skryf 'n metamorfeem vir die selfstandige naamwoord **klank** neer. (1)
4.3 Skryf 'n woord uit die teks neer waaruit die woord beskonke gevorm word. (1)

5. Maak gebruik van voor- en/of agtervoegsels om die korrekte vorm van die woord tussen hakies te vorm.

5.1 Hoesgeluide is darem 'n eienaardige vorm van (kommunikeer) (1)
5.2 Die (Amerika) orkes speel mooi musiek. (1)
5.3 Jy moet 'n ratelslang vermy – al is dit nog maar 'n ou klein (ratelslang). (1)
5.4 Wanneer jy iemand wed, gaan julle 'n (wed) aan. (1)
5.5 Die arme man het (sonder dat hy weet) op die slang getrap. (1)

6. Verdeel die woord **videospeletjies** in al die morfologiese dele waaruit dit saamgestel is. (2)

7. Die morfologiese samestelling van die woorde **springmielies, sandduine** en **hoesgeluide** is almal dieselfde.

7.1 Skryf die morfologiese samestelling neer (1)
7.2 Hoe verskil die woordsoorte waaruit **sandduine** saamgestel is van die ander twee samestellings? (2)